

'n Veelsydige klok hemp

Dié stylvolle variasie op die klokrokkie van die Sestigs is 'n staatmaker tydens swangerskap, 'n prettige minirok en ideaal om prominente heupe te verbloem. Boonop kan jy 'n klok hempie vir jou kleinding met 'n bypassende fietsrybroek van breistof maak om by ma te pas!

Saamgestel deur Sandra Bodenstein

ALGEMENE AANWYSINGS

- Die dameshemp is ontwerp om 'n nommer 10- en 12-figuur te pas.
- Werk rafelrande met omkapmasjien of sigsagsteek van naaimasjien af.
- Plaas patroondele op mekaar met regte kante teen mekaar wanneer nate gestik word.
- Maak van blokpatroonpapier (blokkies = 2 x 2 cm) gebruik om kleiner diagramme op na te trek en só jou eie papierpatrone te maak. Plaas patroonbuitelyn met behulp van kolletjies op blokke en verbind dan met soliede lyn. Blokpatroonpapier is 73 x 98 cm.
- Die draadrigting van kledingstowwe is in lyn met diagramlyne.
- Gebruik deurgaans bypassende masjiengare.
- Naattoelating van 1,5 cm is reeds bygereken, tensy anders vermeld.

AFKORTINGS

RK = regte kant; VK = verkeerde kant; VP = voorpant; AP = agterpant; MV = middel voor; MA = middel agter.

JY BENODIG

Damesgrootte

2 m sagte kledingstof, 120 cm breed - viskose, chiffon of dun katoen; 75 cm Vilene; knope.

Kindergrootte

0,5 m sagte kledingstof, 120 cm breed; knope.


MAAK SÓ

- Stryk Vilene teen VK van VP langs MV.







Vrolike klokhemde vir mams
en kleinding.



KLOKHEMP VIR VOLWASSENE

- Werk 2 lang nate by MV se rafelrande af.
- Vou 3,5 cm na VK en speld bo en onder.
- Heg skouernate.
- Knip skuinsband soos aangedui op diagram: 1 strook van 90 cm; 2 stroke van 60 cm, of gebruik gekoopte skuinsband.
- Vou soos skuinsband en werk nek en armlholtes daarmee af.
- Pars voue in skuinsband met stoomyster uit.
- Heg synate.
- Werk rafelrand van soom af.
- Vou 1,5 cm na VK en stik soom.
- Maak knoopsgate op regter-VP en werk knope aan linker-VP.




FIETSRYBROEK

JY BENODIG



0,5 m rekkatoenbreistof, 120 cm breed; 1 m sagte rek.

MAAK SÓ


- Naattoelating is 1 cm.
- Gebruik deurgaans 'n rekstiksel om te voorkom dat stiksel breek.
- Heg MA.
- Vou oop en stik naat tussen bene.
- Stik 1,5 cm-soom in broekspype.
- Stik 4 cm-omslag by mid-dellyfie.
- Verdeel soompie in helfte en stik in middel.
- Ryg sagte rek deur elke soompie.



ANET SCHOEMAN het die klokhemde en broek eksklusief vir ROOI ROSE ontwerp en gemaak.



KLOKHEMP- KWESSIE



In ROOI ROSE van 26 Januarie 1994 het ons 'n patroon vir 'n veelsydige klokhemp geplaas. Ongelukkig was die skaal vir die blokpatroonpapier verkeerd daarin aangegee. Ons vra lesers om verskoning vir die ongerief. Die regte afmetings is: 1 blokkie = 4 cm.

Spioenasie in die hu- welik

VAN BLADSY 17

tydens sy tien jaar as polisieman in die onluste-eenheid, Koevoet en die Narkotikaburo.

"Ek sien baie owerspel," sê hy emosieloos. "En ja, mense is bereid om baie geld vir die diens van 'n privaatspeurder te betaal as hulle vermoed hul huweliksmaat bedrieg hulle."

Hy weet van speurders wat "eksklusiewe kliënte", wat op soek is na foto's of gesprekke wat owerspel bewys, tot R500 per uur vir hul dienste laat opdok.

Dure ervaring het hom egter geleer dat huweliksmoles 'n emosionele ding is, waar gevoelens maklik kan handuit ruk. Daarom verkies hy om sy opdragte direk van 'n prokureur te kry, sê hy.

Maar hy los nietemin sy besigheidskaartjie op die tafel voor hy met sy stoppelbaard en slap lyf by die deur uitstap.